SEB GROOT PRIORITEIT VIR DIE MELKERY

“Afrika bied geleenthede wat op min ander plekke in die wêreld moontlik is raak betrokke óf gee pad.” Dit bly ten spyte daarvan dat die Landmans twee keer familiegrond weens grondhervorming moes ontruim, nog hul lewensbeskouing.

In 1983 het hulle die eerste keer getrek, toe die erfplaas in die Queenstown-distrik vir konsolidasie met die eertydse Ciskei ge-oormerk is. Tien jaar later, was dit weer die geval nadat 'n hofbevel op hulle en 18 ander boere bedien was om hulle aanspraak op grond wat vantevore deur die Mfengu-stam in die Tstisikamma bewoon was, in die hof te kom betwis.

Na 'n regsmening ingewin is, het hulle besluit om die markverwante prys wat die regering vir die grond aangebied het, te aanvaar. Die familie het hierna vir meer as 10 jaar op die plaas Mooiwei naby Clarkson, in die Humansdorp distrik geboer, waar hulle grond van die Mfengu-stam huur. Hulle huur nog steeds die grond in die Tsitsikamma waar die verse van die Koeihotel grootgemaak word en waar hulle in 'n deelmelkstelsel betrokke is.

Om hul werkers te bemagtig het die Landmans 'n sakeplan opgestel wat voorstel dat elk van hul 40 werkers 10 Holstein-verse aanskaf wat by die Koeihotel geïntegreer kan word. 'n Lening vir die aankoop van die diere moet by die Land Bank of ander kommersiële banke beding word. Die familie is bereid om sonder vergoeding as mentors vir die werkers op te tree en hulle touwys te maak om 'n melkkudde te bestuur. Hulle sal ook die nodige risiko's vir die diere dra, waarvan die belangrikste is dat een melkkoei as sekuriteit vir elke aangekoopte dier moet dien. 'n Mikroskyfie kan vir die doel onder die vel van aangekoopte sowel as sekuriteitsdiere ingeplant word.

Die grootste gedeelte van die inkomste wat die werkers uit hulle melkkoeie verdien, sal aangewend word om die skuld op die diere oor 'n tydperk van 8 jaar te delg. “Die werkers behoort teen die einde van die afbetaal tydperk in 'n beter finansiële posisie te wees om dan aansoek vir die aankoop van hulle eie plaas te doen,” sê hulle.

Die voorstel behels 'n vaste huurkontrak wat tussen die werkers en die koeihotel mentor aangegaan word. “Die finansierings-instansies wil weet dat daar vir ten minste die duur van die lening, 'n mentor sal wees wat die projek rugsteun, en dus baie meer geneë wees om geld voor te skiet.”

Hulle meen dat dié plan deur baie melkboere in Suid Afrika toegepas sal word as metode om werkers op plase ekonomies te bemagtig. Sodra die werksmense gedurende die vee afbetaalfase bewys lewer dat hulle ernstig is om te boer, kan daardie werkers die aankoop van grond as volgende fase betree.

Theuns Botha